# 20Januarie 2025 - Lesing 215 - Die laaste groot mileiding aan die eindtyd

## Efesiërs 6

6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.
6:11 Trek die **volle wapenrusting** van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.
6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede**, teen die **magte**, teen die **wêreldheersers** van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste** in die lug.
6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.
6:14 Staan dan vas, julle lendene met die **waarheid** omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,
6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die **evangelie van vrede**.
6:16 Behalwe dit alles neem die **skild van die geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.
6:17 En neem aan die **helm van verlossing** en die **swaard van die Gees**—dit is die **woord van God**—
6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid **bid in die Gees**, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges
6:19 en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid **die verborgenheid van die evangelie** bekend te maak,
6:20 waarvoor ek 'n gesant is in kettings, sodat ek daarin vrymoediglik mag spreek soos ek moet spreek.

## Gen 1:26

En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
Gen 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; **na die beeld van God het Hy hom geskape**; **man en vrou** het Hy hulle geskape.

## Openbaring 9

9:1 En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die **sleutel van die put van die afgrond** gegee.
9:2 En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het **rook opgekom** uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.
9:3 En uit die rook het daar **sprinkane uitgekom** op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het.
9:4 En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen **die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie**.